## *Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk Suidkus*
## *Fondsinsamelingsaksies - Pannekoekwaentjie (Frans Venter)*

Pannekoekverkope was van die begin van ons gemeente af ‘n groot deel van die fondsinsamelingsaksies. Aanvanklik is daar op die strand pannekoek gebak tydens vakansies en later ook by die ingang van Shelly Sentrum op ‘n Saterdagoggend.



**Up for sale:** *Selling pancakes at the Shelly Centre last Saturday are (from left) Hennie Matthyser, Frans Venter, Ina Louw and Ina Prinsloo.* P1010063nh

Oom **Cor van der Walt** was toe die sameroeper en hy het ook die deeg aangemaak vir die oggend se baksessie. Daar was elke Saterdag verskillende lidmate betrokke om te kom help.

Destyds moes die tafels opgeslaan word en al die gereedskap wat sou nodig wees vir die bakkery uit die kar gehaal word. Toe het ‘n paar ouderlinge hulle koppe bymekaar gesit, naamlik **Andries Badenhorst en Dirk Venter** en die geboorte van die pannekoekwaentjie, ons huis op wiele, het begin agter in Dirk Venter se erf. Dit het omtrent ‘n jaar geneem en 21 November 2005 is dit geregistreer en was dit gereed om te gebruik.

**Du Plessis Ingenieurs** het die daaropvolgende opgradering gedoen om dit maklik te maak vir die manne om die waentjie vinnig op te slaan, die gasbottels te koppel en die heerlike samewerking te begin. Daarna was dit baie gerieflik om die volgepakte waentjie te sleep na bv. die Mardi Gras in Margate waar daar tydens vakansies pannekoek gebak word vir fondsinsameling vir die gemeente. Die waentjie is ook al gebruik om pannekoek te bak by skole se sportgeleenthede, musiekfeeste en natuutlik ons eie kerkbasaars.









# Gereformeerde Kerk Suidkus 50 Jaar

## 02 Julie 1972 - 02 Julie 2022

19 Junie 2022

***Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het.***

***Efesiërs 1: 6***

## *Oud-gemeentelede se herinneringe*
## *Annette Coetsee - Aanbou van kerksaal*



Toe Ed en ek in 1990 aan die Suidkus gekom het, was daar nog nie ‘n saal nie, net ‘n grasperk met ‘n reuse broodboom waar die saal tans is. Dit was nogal ‘n probleem wanneer dit Sondae gereën en die ouers byvoorbeeld in hulle motors moes wag terwyl die kinders katkisasie gehad het of almal moes saamhok in die klein kombuis.

Ed en ‘n paar ouderlinge het die noodsaaklikheid van ‘n saal besef en met die hulp van die gemeente begin fondse insamel vir die bou van ‘n saal. Daar is werklik ruim bygedra, beide met kontantskenkings, mense se professionele vaardighede en artikels. Die planne is opgestel maar daar was heelwat uitdagings wat oorbrug moes word. So byvoorbeeld moes aansoek by die munisipaliteit gedoen word om die beperkings op die boulyn aan die kant van die veearts te verskuif ten einde die beskikbare area maksimaal te benut. Die vergunning is verkry op voorwaarde dat daar nie ‘n soliede muur gebou word nie, vandaar die opening op daardie muur. Die verwydering van die reuse broodboom en die gelykmaak van die grasperk moes ook getakel word. ‘n Baie bevredigende oplossing\ooreenkoms is met ‘n grondverskuiwings-maatskappy bereik. Hulle sou die grondverskuiwing kosteloos doen in ruil vir die broodboom. So gesê, so gedaan.

Wat was die verbasing groot toe die kelder “kleutergat” ontdek word. ‘n Paar van die mammas het die potensiaal besef as ‘n lokaal waarin die kleuters se katkisasie aangebied kon word en waar hulle ook sommer net lekker kon saam kuier. Ek glo niemand het toe besef watter reuse taak dit sou wees om al die grond daarbinne te verwyder en dit leefbaar te maak nie. ‘n Klomp ywerige jonger lidmate het egter ingespring, die manne om die grond te verwyder en die dames om dit mooi in te rig.

Die kombuis moes ook vergroot en meer funksioneel ingerig word. Daar is ook ‘n moederskamer en damestoilette aangebring deur slegs binnemure te verwyder en te verskuif. Die staalraamwerk van die saal is in Lichtenburg by ‘n staalfabriek bestel, vervaardig en Suidkus toe vervoer waar dit opgerig is.
Dit was werklik ‘n wonderlike ervaring om die hele gemeente, oud en jonk so te betrek, die manne met die bouwerk, teëlwerk, al die loodgieters–, elektriese werk, verfwerk, ensovoorts terwyl die dames gesorg het dat die innerlike altyd versterk is. Die dames het ook die badkamer en moederskamer met keurige handwerk afgerond.

Dit was beslis ‘n vreugdevolle dag toe die saal amptelik ingewy kon word op14 November 1999!
**SOLI DEO GLORIA!!**



Vlooimark in kerktuin (sien broodboom) voordat kerksaal aangebou is.



Verwydering van broodboom met aanbou van saal.






